

MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

=====

THURSDAY, 8 MAY 2025

1. The House met at 14:15.
2. The Speaker took the Chair and read the prayer.
3. [14:16] The Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.
4. [14:18] Interpellation.
5. [14:40] Questions.
6. [15:43] Questions to the Premier without notice.
7. [16:04] Statements by Members.
8. [16:31] Response to statements by Members by Mr J J Londt, Minister of Social Development, Mr R D Mackenzie, Minister of Cultural Affairs and Sport and Ms D M Baartman, Minister of Finance.
9. [16:36] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved: Pursuant to the adoption of the Report of the Conduct Committee by the House on 24 April 2025, Hon Member Lithakong's parliamentary privileges and her right to a seat in parliamentary debates or committees are suspended from Tuesday, 20 May 2025, and until Friday, 23 May 2025.

Agreed to.
10. [16:37] Motions with Notice (*in accordance with Standing Rule 151*).

The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.
11. [16:38] Motions without Notice (*in accordance with Standing Rule 150*).

12. Mr D G Jacobs moved without notice: That the House conveys its heartfelt condolences to the family, friends and colleagues of SAPS members, Constable Buys, Constable Senoge and Constable Lindu, who disappeared on 23 April 2025 on their way from Johannesburg to Limpopo under suspicious conditions ; notes that their bodies, with two other individuals, were found on 29 April in the early hours of the morning in the Hennops River near Pretoria; further notes that the investigation is still ongoing as we speak and that it is possible that they may have met their untimely demise not by their own doing; notes that we see the deaths of our young kids on the Cape Flats daily and understand the sheer despair and horror the parents of these young people must experience; notes that we dip our flag to the parents of these young police officers; asks that no stone be left unturned to get a swift closure to the investigation and, if found that their deaths were caused by criminal actions, requests that the legal system deals harshly with any perpetrators if found guilty; and notes that an attack on SAPS members is an attack on the Constitution of this country that cannot be allowed.

Agreed to.

13. Ms W F Kaizer-Philander moved without notice: That the House notes with grave concern the case of a child in the Witzenberg area who was allegedly raped in two separate incidents; acknowledges the interventions by the Western Cape Department of Social Development and its partner NGO in providing psychosocial support and in identifying a place of safety for the child; expresses its strong condemnation of the public naming of the child on social media, which exacerbates the trauma and violates her right to dignity and protection; supports the Department's rollout of the Social Work Integrated Management Systems application (SWIMS app) and the R4 million allocation for extending it to the NGO sector; calls on the private sector and relevant stakeholders to collaborate with the Department in scaling up the use of the SWIMS app to track and manage cases involving vulnerable children better; welcomes the partnership with A21 to raise community awareness about victimisation and human trafficking in the Witzenberg area; and reiterates the vital role of oversight and collective accountability in ensuring the safety and well-being of every child in the Western Cape.

Agreed to.

14. Ms W F Kaizer-Philander moved without notice: That the House congratulates Dr Jerome Peter Fredericks, fondly known to many as "Boeboe", a proud alumnus of the Paulus Joubert High School and a son of the streets of Lantana in Paarl East, on the attainment of his PhD – a momentous academic achievement that shows remarkable perseverance, vision and hard work; notes that his doctoral thesis titled "Exploring the intersection of inclusive design and urban mobility in the South African context" makes a valuable contribution to building accessible and equitable mobility solutions for all; acknowledges the powerful role played by his late mother whose unwavering prayers, support and sacrifice laid the foundation for his academic and personal success – confirmed in an emotional tribute that Dr Fredericks has made publicly in her honour; celebrates the journey from the streets of Paarl East to the academic stage as a powerful symbol of hope and possibility for young people in under-resourced communities across the Western Cape; encourages the Western Cape Government to engage Dr Fredericks actively and to leverage his specialised expertise to help shape inclusive mobility and urban development policies; affirms the significance of his story as one that inspires, uplifts and demonstrates the transformative power of education and family support; and wishes Dr Fredericks continued success and fulfilment as he uses his knowledge and experience to serve and empower others.

Agreed to.

15. Ms W F Kaizer-Philander moved without notice: That the House congratulates Dr Eben Mourries, a proud alumnus of the Weltevrede High School and Stellenbosch University, and a native of Wellington, Western Cape, on the attainment of his PhD in Practical Theology – a testament to his unwavering dedication and academic excellence; notes that his doctoral thesis titled “Perceptions of the role of Christian spiritual care in the rehabilitation of youth offenders at the Hawequa Correctional Centre”, which offers invaluable insights into integration of faith-based approaches in the correctional system to support the rehabilitation of young offenders; acknowledges his dual role as Chaplain of the Drakenstein Correctional Services and as a committed Pastor of the Breakthru Restoration Community Church in Wellington, reflecting his deep-rooted commitment to restorative justice and community upliftment; encourages the Western Cape Government to engage with Dr Mourries on initiatives aimed at enhancing rehabilitation programmes in child and youth care centres, leveraging his research and practical experience to inform policy and practice; and wishes Dr Mourries continued success in his endeavours to foster positive change in our communities and the broader society.

Agreed to.

16. Ms W F Kaizer-Philander moved without notice: That the House notes with appreciation the decisive and collaborative efforts by the Executive Mayor of the Witzenberg Municipality, Cllr Trevor Abrahams, the municipal administration and the Western Cape Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning, Mr Anton Bredell, in addressing the recent water crisis in Tulbagh; acknowledges the swift mobilisation of resources, technical teams and emergency support that helped stabilise the water supply to affected communities; commends the transparent communication with residents, as well as the coordinated response that minimised further hardship for households, businesses and farms; thanks all officials, workers and support teams who worked tirelessly under pressure to restore and respond to this crucial service; encourages continued investment in water infrastructure resilience and proactive maintenance planning to mitigate future risks; and reaffirms this House’s support for local and provincial government partnerships that prioritise the dignity and well-being of residents in all regions of the Western Cape.

Agreed to.

17. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House pays tribute to the late Mrs Aneesa Rhoda who passed away on 30 March at the age of 80; notes that Mrs Rhoda served her community as a dedicated educator for over 30 years, teaching at various schools across Cape Town; notes that over the years she emerged as a respected leader and made significant contributions to the Muslim community; extends its heartfelt condolences to the family and friends of Mrs Rhoda; and wishes them strength during this time of mourning.

Agreed to.

18. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House congratulates Earle van der Watt of the Strand Nippers Club on his remarkable paddle from Rooiels to Strand; notes that, at only 12 years of age, Earle demonstrated outstanding skill, talent and determination; further notes that he has now become the youngest person to complete the virtual Molokai 2 Oahu challenge – an extraordinary achievement; and notes that Earle is a shining example of the motto: if you can dream it, you can do it.

Agreed to.

19. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House extends its sincere condolences to the family, friends and colleagues of the late Mr Alvino Isaacs who sadly passed away on 20 April 2025; notes that Mr Isaacs served as the Principal of the Gordon High School and was a well-loved and respected figure among learners, educators, sportspeople and the wider community; notes that his leadership has had a lasting impact on the Helderberg community; and honours his legacy and wishes his family strength and hope in this difficult time.

Agreed to.

20. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House congratulates the Rusthof Methodist Church in Strand on recently celebrating its 175th anniversary; notes that the church took this opportunity to reflect on its rich history and pivotal moments since its founding; recognises the church's resilience and leadership over the years and commends the dedication of its congregation to serving the wider Helderberg community; and wishes the church many more prosperous years and expresses gratitude for its continued service.

Agreed to.

21. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House commends the City of Cape Town's Traffic Services and the Provincial Traffic Services Unit for their significant safety and enforcement operations conducted on 9 and 10 April at the Somerset West weighbridge; notes that this operation was launched in response to numerous complaints regarding dangerous driving and the deteriorating condition of the Old Main Road due to trucks bypassing the N2; notes that, during the operation, over 500 trucks were screened, resulting in 20 fines, three vehicle suspensions and two driver arrests; acknowledges and recognises the dedicated efforts of these officers on behalf of road users and the broader community; and commends them for their contribution to making our roads, particularly our main routes, safer.

Agreed to.

22. Mr D W Bryant moved without notice: That the House notes the significance of World Penguin Day; commends the continued efforts to protect the critically endangered African penguin – our continent's only native penguin species and a vital part of our biodiversity and natural heritage; recognises the leadership shown by the Western Cape Government under the Democratic Alliance in driving impactful conservation initiatives, including the expansion of the Stony Point colony and the preservation efforts at the De Hoop Nature Reserve; acknowledges the urgency of protecting the African penguin from extinction; and supports continued collaboration between the government, scientists and communities to ensure that future generations may still encounter this iconic species along our shores.

Agreed to.

23. Ms D Stephens moved without notice: That the House notes with deep sadness the tragic passing away of the three SAPS constables in Gauteng who were reported missing and were later found deceased; extends heartfelt condolences to the families, friends and colleagues of these brave officers who have paid the ultimate price in the line of duty; further acknowledges the unwavering bravery and dedication of all our men and women in blue who continue to serve the nation under challenging and often dangerous circumstances; and extends its full support and prayers to the SAPS family.

Agreed to.

24. Ms R Windvogel moved without notice: That the House expresses its gratitude to our fire and rescue workers who battled the fire on Table Mountain; notes that the fire broke out on Friday 25 April and that the fire resulted in a number of road closures in the Muizenberg and Tokai region as the firefighters worked on containing the fires; notes that, unfortunately, one female firefighter was injured in the process of containing the fire; and wishes her a speedy recovery.
Agreed to.
25. Mr F Kamfer moved without notice: That the House expresses its deepest condolences on the passing away of Linten Jutzen from Bonteheuwel, Cape Town; notes that Linten's lifeless body was found in a wheelie bin in an open area between a school and a tennis court in the community of Bonteheuwel; notes that a postmortem will be conducted to determine the cause of death as Linten had no visible injuries; appeals to the SAPS to leave no stone unturned in the investigation of Linten's death; and notes that Linten was a beloved activist and a member of the LGBTQI+ community.
Agreed to.
26. Mr B Ngqentsu moved without notice: That the House expresses its deepest condolences on the tragic passing away of Pamela Maqhubela from Kraaifontein, Cape Town; notes that Pamela was brutally stabbed to death by her partner on 21 April 2025; notes that the boyfriend handed himself over to the police following the brutal murder; notes that the lives of women and children stolen in an act of violence have become all too common in our country; notes that Pamela's story is not an isolated case, but it is part of a deadly pattern that continues to destroy families, communities and futures; and notes that, although the suspect has handed himself over to the police, justice must go beyond an arrest and must include systemic change, protection for women and accountability at every level of society.
Agreed to.
27. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes and acknowledges the historic and courageous Robben Island–Palestine Swim Relay held on Freedom Day, 27 April 2025, where swimmers braved the treacherous waters of the Atlantic Ocean from Robben Island to Bloubergstrand in solidarity with Palestine; further notes and commends the organisers, participants and supporters for their powerful act of resistance, which drew inspiration from South Africa's own struggle for liberation and echoed the global call for justice in Palestine; recognises the profound symbolism of this swim, taking place in the same waters that once confined freedom fighters and has now been transformed into a beacon of hope and international solidarity; and congratulates the organisers and participants – activists, athletes and ordinary citizens – of the Robben Island–Palestine Swim Relay who endured the cold and challenging conditions to send a resounding message that freedom is indivisible and that oppression anywhere must be confronted everywhere.
Agreed to.
28. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House notes with profound sadness the passing away of Comrade Nondzaliseko "Nzali" Makanda, a fearless leader, dedicated combatant and true patriot of our movement; further notes that Comrade Nzali lived the life of a revolutionary, demonstrating unwavering commitment to justice, equality and the foundational principles of the African National Congress and that she stood as a beacon of courage, resilience and selfless service to the people of South Africa throughout her

exemplary life; acknowledges that Comrade Nzali, as a combatant, remained unshaken in the face of oppression, as a leader, she inspired generations through her wisdom and dedication, and as a comrade, she perfectly embodied the spirit of ubuntu, consistently prioritising the needs of others above her own; notes that, while we mourn her untimely departure, we simultaneously celebrate the extraordinary legacy she leaves behind – one that will continue to guide our nation in the ongoing struggle for a free, just and equitable South Africa; extends deepest condolences to Comrade Nzali’s family, friends, comrades and the entire ANC community during this difficult time; and may they find comfort in the knowledge that her remarkable contributions to our nation’s liberation, women emancipation and development will forever be remembered and cherished in the annals of our history.

Agreed to.

29. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes with profound sorrow the passing away of Comrade John Frank Dawson, a steadfast champion of the people whose life was a testament to unwavering service and sacrifice; recognises that Comrade Dawson’s life was a beacon of humility, courage and devotion to uplifting others – qualities that endeared him to many and cemented his legacy as a true servant of the people; honours his enduring spirit, which will continue to guide and inspire us in the pursuit of a just and compassionate society; and conveys deepest condolences to his family, friends, comrades and all who were blessed to share in his journey during this time of immeasurable loss.

Agreed to.

30. Ms B Stoffel moved without notice: That the House notes with profound sorrow the passing away of Comrade Stella Mntwini, a dedicated comrade of our movement whose life embodied the principles of service and sacrifice; acknowledges with gratitude her enduring contributions to the advancement of our beloved movement, where her unwavering dedication inspired generations of activists and younger comrades; conveys deepest and heartfelt condolences to her family, friends and comrades; and honours her remarkable legacy as one that will continue to illuminate our path toward justice, equality and the realisation of our shared revolutionary ideals.

Agreed to.

31. Ms D Stephens moved without notice: That the House notes that we rise in recognition of the heartbeats of our homes, our communities and our nation: our mothers; notes that Mother’s Day is not merely a celebration marked on a calendar, but it is a reminder of the enduring strength, love and resilience that mothers embody every day; notes that they are the first teachers, the constant nurturers and often the silent warriors who carry their families through trials with unwavering determination; honours all mothers – from those who cradle newborns with hope to those guiding grown children with wisdom; pays tribute to mothers fighting silent battles: those raising children entangled in addiction who continue to love, support and pray through pain most will never understand; notes that their courage and devotion are immeasurable; salutes the single mothers who embody the roles of both protector and provider who rise before dawn, work tirelessly and still return home with love to give; notes that they are not just mothers, but they are anchors, leaders and everyday heroes; notes that mothers are the keystones of our communities; notes that they are the builders of character, the defenders of dignity and the custodians of culture; notes that, as the proverb reminds us, “It takes a village to raise a child,” but it is mothers who are so often

the village themselves; notes that, as a society, we must reflect not only in gratitude, but in action to support, protect and empower the women who do so much for all of us; lets honour their contribution, listen to their needs and create a society where every mother thrives this Mother's Day; and says to all the mothers, we see you, we thank you and we honour you.

Agreed to.

32. Ms R Windvogel moved without notice: That the House expresses its deepest condolences on the passing away of His Holiness Pope Francis; notes that His Holiness, a towering spiritual leader and a tireless advocate for human dignity, leaves behind a profound legacy of compassion, justice and peace; notes that, throughout his papacy, he reminded us that faith must always be accompanied by action, particularly in the service of the vulnerable and the oppressed; notes that his unwavering commitment to peace was most evident in his courageous political interventions in some of the world's most troubled regions; notes that he consistently raised his voice against violence and injustice in Palestine, calling for a just and lasting resolution rooted in human rights and mutual recognition; and notes that his moral authority offered hope to millions and challenged the international community to uphold the dignity and aspirations of the Palestinian people.

Agreed to.

33. Ms B Stoffel moved without notice: That the House welcomes the announcement of an official inquest into the suspicious and unresolved deaths of African National Congress leaders during the apartheid era, including the tragic passing away of Chief Albert Luthuli in 1967 and Mlungisi Griffiths Mxenge who was killed in 1981; notes that the apartheid regime was responsible for numerous deaths and disappearances of political leaders and activists, often disguised as accidents or suicides, while evidence increasingly points to calculated assassinations; and notes that the decision to reopen these cases is a significant step toward truth, justice and historical accountability, particularly for the families of the victims who have waited decades for closure.

Agreed to.

34. Mr B Ngqentsu moved without notice: That the House sends its heartfelt condolences to the family of Norman Mbiko and the wider rugby fraternity on the passing away of a South African rugby legend who died in the early hours of Tuesday at the age of 79; notes that Norman Mbiko was the last captain of the African (black) Springboks and a former head coach of the Blitzboks; notes that he was a man who rose through the ranks of a system designed to exclude him and who stood tall in the face of apartheid's cruel segregation of sport; further notes that the African Springboks was a team of black players forced into separate structures, denied access to proper facilities, pitches and development under a system that sought to silence black excellence; acknowledges that Mbiko, like many black South Africans under apartheid, suffered repeated forced removals from his land and was eventually relocated to Nyanga on the Cape Flats, yet despite the injustice, he made history; notes that, in 2000, he was the first black coach of South Africa's senior national rugby team post-apartheid, leading the Blitzboks to international success; recognises that beyond the pitch, Mbiko gave his life to mentoring and uplifting young players, planting seeds of transformation in communities long forgotten by the state and by sport; notes with deep concern that, despite the passage of 30 years since South Africa's re-entry into international sport, true transformation remains a promise unfulfilled with the Springboks failing to meet their own 2023 transformation targets, as revealed by SA Rugby's 2024 internal audit;

acknowledges that only 13% of players fielded in the 2023 Rugby Championship and 16% at the World Cup were blacks; calls on the government to accelerate transformation in all sports, with an emphasis on developing infrastructure, coaching and high-performance support in black townships and rural areas; and honours him not only for his remarkable contributions on the field, but for his unyielding commitment to justice, transformation and the empowerment of future generations.

Agreed to.

35. Ms R Windvogel moved without notice: That the House welcomes the historic visit of His Excellency President Volodymyr Zelensky of Ukraine to the Republic of South Africa, marking a significant moment in South Africa's international diplomatic engagements; and hopes the visit leads to an end to the ongoing conflict between Russia and Ukraine, a war that has cost thousands of lives, displaced millions and disrupted global stability, including food and energy security in Africa and beyond.

Agreed to.

36. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House commemorates May Day, celebrated annually on 1 May, as a tribute to the struggles and victories of the working class in South Africa; further notes that this day honours the resilience and unity of workers who, through the tireless efforts of the ANC-SACP-COSATU alliance, have secured fundamental rights and protections in our democracy; acknowledges that among the most notable victories is the establishment of a national minimum wage, which affirms the dignity of all workers, including domestic workers, farm workers and other vulnerable sectors, ensuring they are no longer excluded from legal protection or fair pay; calls on this House, as we celebrate this day, to recommit ourselves to defending the rights of workers across all sectors and condemns any efforts to undermine their hard-won gains; and let this day serve as both a celebration of progress and a call to continue the struggle for economic justice and equality for all workers in South Africa.

Agreed to.

37. [17:01] Speaker's Debate.

Commemorating Workers' Day.

Debate concluded.

38. The House adjourned at 18:15.

Ms M Goldstone
Acting Secretary to the Provincial Parliament

NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

PARLEMENT VAN DIE

PROVINSIE WES-KAAP

=====

DONDERDAG, 8 MEI 2025

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.
2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.
3. [14:16] Die Speaker doen 'n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.
4. [14:18] Interpellasie.
5. [14:40] Vrae.
6. [15:43] Vrae aan die Premier sonder kennisgewing.
7. [16:04] Verklarings deur Lede.
8. [16:31] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, mnr R D Mackenzie, Minister van Kultuursake en Sport, en me D M Baartman, Minister van Finansies.
9. [16:36] Die HoofswEEP van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman) stel voor: Ooreenkomstig die Verslag van die Gedragskomitee wat op 24 April 2025 deur die Huis aangeneem is, word agbare Lid Lithakong se parlementêre voorregte en haar reg op deelname aan parlementêre debatte of komitees vanaf Dinsdag, 20 Mei 2025, tot Vrydag, 23 Mei 2025, opgeskort.
Goedgekeur.
10. [16:37] Voorstelle met kennisgewing (*ooreenkomstig Staande Reël 151*).
Die Speaker doen 'n aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.
11. [16:38] Voorstelle sonder kennisgewing (*ooreenkomstig Staande Reël 150*).
12. Mnr D G Jacobs stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig met die familie, vriende en kollegas van die SAPD-lede, konstabel Buys, konstabel Senoge en konstabel Lindu, wat op 23 April 2025 op pad van Johannesburg na Limpopo onder

verdagte omstandighede verdwyn het; kennis neem dat hul liggame, saam met die liggame van twee ander individue, in die vroeë oggendure van 29 April in die Hennopsrivier naby Pretoria gevind is; verder kennis neem dat die ondersoek op hierdie oomblik steeds aan die gang is en dat dit moontlik is dat hulle nie deur hul eie toedoen hul ontydige dood tegemoet gegaan het nie; kennis neem dat ons elke dag die sterfte van ons jong kinders op die Kaapse Vlakte aanskou en die absolute wanhoop en afgryse verstaan wat die ouers van hierdie jongmense moet ervaar; kennis neem dat eer betoon aan die ouers van hierdie jong polisiebeamptes; vra dat alles moontlik gedoen word om die ondersoek vinnig af te handel en, as daar bevind word dat hul dood deur kriminele dade veroorsaak is, versoek dat die regstelsel streng optree teen enige oortreders indien hulle skuldig bevind word; en kennis neem dat 'n aanval op SAPD-lede 'n aanval op die Grondwet van hierdie land is wat nie toegelaat kan word nie.

Goedgekeur.

13. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die saak van 'n kind in die Witzenberg-gebied wat na bewering in twee afsonderlike voorvalle verkrag is; erkenning gee aan die ingrypings deur die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en sy NRO-vennoot vir die verskaffing van psigososiale ondersteuning en die identifisering van 'n plek van veiligheid vir die kind; die openbaarmaking van die kind se naam op sosiale media wat die trauma vererger en haar reg tot waardigheid en beskerming skend, sterk veroordeel; die Departement se bekendstelling van die toepassing bekend as die Geïntegreerde Bestuurstelsel vir Maatskaplike Werkers ("Social Work Integrated Management System application" of SWIMS-toepassing) en die R4 miljoen-toewysing om dit na die NRO-sektor uit te brei, ondersteun; 'n beroep doen op die privaat sektor en toepaslike belanghebbendes om saam met die Departement te werk om die skaal van die gebruik van die SWIMS-toepassing uit te brei om sake waarby kwesbare kinders betrokke is beter na te spoor en hanteer; die vennootskap met A21 verwelkom om gemeenskapsbewustheid oor viktimisering en mensehandel in die Witzenberg-gebied te skep; en die noodsaaklike rol van toesig en gesamentlike aanspreeklikheid beklemtoon om na die veiligheid en welstand van elke kind in die Wes-Kaap om te sien.

Goedgekeur.

14. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis dr Jerome Peter Fredericks, wat alom as "Boeboe" bekend staan, 'n trotse alumnus van die Hoërskool Paulus Joubert en 'n seun van die strate van Lantana in Paarl-Oos, gelukwens met die verwerwing van sy PhD – 'n indrukwekkende akademiese prestasie wat merkwaardige deursettings-vermoë, visie en harde werk toon; kennis neem dat sy doktorale tesis getiteld "Exploring the intersection of inclusive design and urban mobility in the South African context" 'n waardevolle bydrae lewer tot die bou van toeganklike en billike mobiliteitsoplossings vir almal; erkenning gee aan die kragtige rol wat sy oorlede moeder gespeel het wie se onwrikbare gebede, ondersteuning en opoffering die grondslag gelê het vir sy akademiese en persoonlike sukses – wat in 'n emosionele huldeblyk bevestig is wat dr Fredericks in die openbaar ter ere van haar gelewer het; die reis uit die strate van Paarl-Oos na die akademiese wêreld as 'n kragtige simbool van hoop en moontlikheid vier vir jongmense in gemeenskappe met 'n tekort aan hulpbronne in die Wes-Kaap; die Wes-Kaapse Regering aanmoedig om aktief met dr Fredericks te skakel en om sy gespesialiseerde kundigheid te benut om inklusiewe mobiliteits- en stedelike ontwikkelingsbeleide te help vorm; die belangrikheid van sy lewensverhaal bevestig as 'n verhaal wat inspireer, ophef en die transformerende krag van onderwys en gesinsondersteuning demonstreer; en dr

Fredericks voortgesette sukses en vervulling toewens terwyl hy sy kennis en ervaring gebruik om ander te dien en bemagtig.

Goedgekeur.

15. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis dr Eben Mourries, 'n trotse alumnus van die Hoërskool Weltevrede en die Universiteit Stellenbosch, en 'n boorling van Wellington, Wes-Kaap, gelukwens met die verwerwing van sy PhD in Praktiese Teologie – 'n bewys van sy onwrikbare toewyding en akademiese uitnemendheid; kennis neem dat sy doktorsale tesis getiteld "Perceptions of the role of Christian spiritual care in the rehabilitation of youth offenders at the Hawequa Correctional Centre" waardevolle insigte verskaf oor die integrasie van geloofsgebaseerde benaderings in die korrektiewe stelsel om die rehabilitasie van jong oortreders te steun; erkenning gee aan sy dubbele rol as kapelaan van die Drakenstein- korrektiewe dienste en 'n toegewyde pastoor van die Breakthru Restoration-gemeenskapskerk in Wellington wat sy diepgewortelde toewyding aan herstellende geregtigheid en gemeenskapsopheffing weerspieël; die Wes-Kaapse Regering aanmoedig om met dr Mourries te skakel oor inisiatiewe wat daarop gemik is om rehabilitasieprogramme in kinder-en-jeugsorgsentrums te verbeter en sy navorsing en praktiese ervaring te benut om beleid en praktyk te beïnvloed; en dr Mourries voortgesette sukses toewens in sy pogings om positiewe verandering in ons gemeenskappe en die groter samelewing te bevorder.

Goedgekeur.

16. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met waardering kennis neem van die besliste en samewerkende pogings deur die Uitvoerende Burgermeester van die Witzenberg-munisipaliteit, rdl Trevor Abrahams, die munisipale administrasie en die Wes-Kaapse Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, mnr Anton Bredell, om aandag te skenk aan die onlangse waterkrisis in Tulbagh; erkenning gee aan die vinnige mobilisering van hulpbronne, tegniese spanne en noodondersteuning wat gehelp het om die watertoevoer na geaffekteerde gemeenskappe te stabiliseer; die deursigtige kommunikasie met inwoners aanprys asook die gekoördineerde reaksie wat verdere ontbering vir huishoudings, sakeondernemings en plase verminder het; alle amptenare, werkers en ondersteuningspanne bedank wat onvermoeid onder druk gewerk het om hierdie uiters noodsaaklike diens te herstel en daarop te reageer; voortgesette belegging in die veerkragtigheid van waterinfrastruktuur en die proaktiewe beplanning van instandhouding aanmoedig om toekomstige risiko's te verminder; en hierdie Huis se steun vir plaaslike en provinsialeregeringsvennootskappe herbevestig wat die waardigheid en welstand van inwoners in alle streke van die Wes-Kaap prioritiseer.

Goedgekeur.

17. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis hulde bring aan wyle mev Aneesa Rhoda wat op 30 Maart in die ouderdom van 80 oorlede is; kennis neem dat mev Rhoda haar gemeenskap vir meer as 30 jaar as toegewyde opvorder gedien het en by verskeie skole in Kaapstad onderwys gegee het; kennis neem dat sy oor die jare heen as 'n gerespekteerde leier na vore gekom het en 'n beduidende bydrae tot die Moslem-gemeenskap gelewer het; innige meegevoel met mev Rhoda se familie en vriende betuig; en hulle in hierdie tyd van rou sterkte toewens.

Goedgekeur.

18. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Earle van der Watt van die Strand Nippers-klub met sy merkwaardige roeitog vanaf Rooiels na die Strand gelukwens; kennis neem dat Earle, net 12 jaar oud, uitmuntende vaardigheid, talent en vasberadenheid getoon het; verder kennis neem dat hy nou die jongste persoon geword het wat die Molokai 2 Oahu-uitdaging voltooi het – 'n besondere prestasie; en kennis neem dat Earle 'n skitterende voorbeeld is van die leuse: as jy dit kan droom, kan jy dit doen.

Goedgekeur.

19. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig met die familie, vriende en kollegas van die ontslape mnr Alvino Isaacs wat ongelukkig op 20 April afgesterf het; kennis neem dat mnr Isaacs as skoolhoof van die Hoërskool Gordon gedien het en 'n geliefde en gerespekteerde figuur onder leerders, opvoeders, sportmense en in die groter gemeenskap was; kennis neem dat sy leierskap 'n blywende impak op die Helderberg-gemeenskap gehad het; en sy nalatenskap vereer en sy familie in hierdie moeilike tyd sterkte en hoop toewens.

Goedgekeur.

20. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Rusthof-metodistekerk in die Strand met die onlangse viering van sy 175ste herdenking gelukwens; kennis neem dat die kerk van hierdie geleentheid gebruik gemaak het om na te dink oor sy ryke geskiedenis en deurslaggewende oomblikke sedert sy stigting; erkenning gee aan die kerk se veerkragtigheid en leierskap oor die jare en die toewyding van sy gemeentelide aanprys om die groter Helderberg-gemeenskap te dien; en die kerk vele meer voorspoedige jare toewens en dankbaarheid vir sy voortgesette diens uitspreek.

Goedgekeur.

21. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Stad Kaapstad se Verkeersdiens en die Provinsiale Verkeersdienseenheid aanprys vir hul beduidende veiligheids- en wetstoepassingsoperasies wat op 9 en 10 April by die Somerset-Wes-weegbrug uitgevoer is; kennis neem dat hierdie operasie van stapel gestuur is in reaksie op talle klagtes oor gevaarlike bestuur en die verslegting van Ou Hoofweg weens vragmotors wat die N2 vermy; kennis neem dat meer as 500 vragmotors gedurende die operasie gesif is wat tot 20 boetes, drie voertuigopskortings en twee bestuurderarrestasies gelei het; erkenning gee aan die toegewyde pogings van hierdie beamptes namens padgebruikers en die groter gemeenskap; en hulle aanprys vir hul bydrae om ons paaie, veral ons hoofroetes, veiliger te maak.

Goedgekeur.

22. Mnr D W Bryant stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die belangrikheid van Wêreldpikkewyndag; die voortgesette pogings loof om die hoogs bedreigde Afrikapikkewyn te beskerm wat ons vasteland se enigste inheemse pikkewynspesie en 'n noodsaaklike deel van ons biodiversiteit en natuurlike erfenis is; erkenning gee aan die leierskap wat die Wes-Kaapse Regering onder beheer van die Demokratiese Alliansie toon om betekenisvolle bewaringsinisiatiewe te dryf, insluitende die uitbreiding van die Stony Point-kolonie en die bewaringspogings by die De Hoop-natuurreservaat; erkenning gee aan die dringendheid om die Afrikapikkewyn teen uitwissing te beskerm; en voortgesette samewerking tussen die regering, wetenskaplikes en gemeenskappe steun om toe te sien dat toekomstige geslagte steeds hierdie ikoniese spesie langs ons kus kan teëkom.

Goedgekeur.

23. Me D Stephens stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die tragiese sterfte van die drie SAPD-konstabels in Gauteng wat as vermis aangemeld en later dood gevind is; innige medelye betuig met die families, vriende en kollegas van hierdie dapper beamptes wat die grootste prys tydens die uitvoering van hul pligte betaal het; verder erkenning gee aan die onwrikbare dapperheid en toewyding van al ons mans en vroue in blou wat onder uitdagende en dikwels gevaarlike omstandighede die nasie steeds dien; en sy volle ondersteuning aan die SAPD-familie gee en hulle in ons gebede hou.

Goedgekeur.

24. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy waardering uitspreek vir ons brand- en reddingswerkers wat die brand op Tafelberg bestry het; kennis neem dat die brand op Vrydag 25 April uitbreek het en dat die brand 'n aantal padsluitings in die Muizenberg- en Tokai-gebied veroorsaak het toe die brandbestryders gewerk het om die brande in bedwang te hou; kennis neem dat een vroulike brandbestryder ongelukkig beseer is in die proses om die brand onder bedwang te hou; en haar 'n vinnige herstel toewens.

Goedgekeur.

25. Mnr F Kamfer stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig met die sterfte van Linten Jutzen van Bonteheuwel, Kaapstad; kennis neem dat Linten se lewelose liggaam in 'n roldrom in 'n oop gebied tussen 'n skool en 'n tennisbaan in die gemeenskap van Bonteheuwel gevind is; kennis neem dat 'n nadoodse ondersoek uitgevoer sal word om die doodsoorsaak te bepaal omdat Linten geen sigbare beserings gehad het nie; 'n beroep op die SAPD doen om alles moontlik te doen met die ondersoek na Linten se dood; en kennis neem dat Linten 'n geliefde aktivis en lid van die LGBTQI+-gemeenskap was.

Goedgekeur.

26. Mnr B Ngqebtsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig met die tragiese sterfte van Pamela Maqhubela van Kraaifontein, Kaapstad; kennis neem dat Pamela op 21 April 2025 op 'n wrede wyse deur haar lewensmaat doodgesteek is; kennis neem dat haar kêrel homself na die wrede moord aan die polisie oorgegee het; kennis neem dat die lewens van vroue en kinders wat in 'n gewelddadige daad weggeraap word, gans te algemeen in ons land geword het; kennis neem dat Paula se verhaal nie 'n geïsoleerde geval is nie, maar deel is van 'n dodelike patroon wat steeds families, gemeenskappe en die toekoms vernietig; en kennis neem dat, hoewel die verdagte homself aan die polisie oorgegee het, geregtigheid meer as 'n arrestasie moet behels en sistemiese verandering, beskerming vir vroue en verantwoordingspligtigheid op elke vlak van die samelewing moet insluit.

Goedgekeur.

27. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en erkenning gee aan die historiese en heldhaftige Robbeneiland–Palestynse Swemaflos wat op Vryheidsdag, 27 April 2025, gehou is, waar swemmers die verraderlike water van die Atlantiese Oseaan vanaf Robbeneiland tot by Bloubergstrand in solidariteit met Palestina trotseer het; verder kennis neem en die organiseerders, deelnemers en ondersteuners loof vir hul kragtige vertoning van weerstand wat deur Suid-Afrika se eie bevrydingstryd geïnspireer is en die internasionale beroep om geregtigheid in Palestina herhaal het; erkenning gee aan die merkwaardige simboliek van hierdie swemaflos wat in dieselfde see plaasgevind het wat vryheidsvegters eens ingeperk het en nou in 'n baken van hoop en internasionale solidariteit

omskep is; en die organiseerders en deelnemers – aktiviste, atlete en gewone burgers – van die Robbeneiland–Palestynse Swemaflos gelukwens wat die koue en uitdagende toestande verduur het om ’n klinkende boodskap te stuur dat vryheid ondeelbaar is en dat onderdrukking op enige plek oral gekonfronteer moet word.

Goedgekeur.

